Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: (012) 335-6806
Fax: (012) 335-6587
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

16 Oktober 2020

Die Hoërskool Wonderboom

ALGEMENE NUUSBRIEF

1. EKSAMEN: VRAESTEL 3 (TALE)

Vraestel 3 (Graad 8-11) vorm deel van die leerders se finale eindeksamen in die vakke Afrikaans Huistaal en Engels Eerste Addisionele Taal. Hierdie vraestelle word reeds op **22 Oktober (Graad 8-9) en 23 Oktober (Graad 10-11)** afgehandel. Dit is dus verpligtend dat alle leerders hierdie vraestel op die bogenoemde dae moet kom skryf. Die leerders gaan eers die Afrikaans Huistaal skryf, waarna hul die Engels Eerste Addisionele Taal gaan skryf. Albei vakke word dus op een dag geskryf! Die tye is soos volg:

22 Oktober:	ALLE Graad 8- en 9-leerders skryf Vraestel 3: 7:40-11:00
	Graad 10-11 leerders kom nie skool toe op 22 Oktober nie.
23 Oktober:	ALLE Graad 10- en 11-leerders skryf Vraestel 3: 7:40-12:30
	Graad 8-9 leerders kom nie skool toe op 23 Oktober nie.

Die lokale waarin leerders skryf, sal op die aansteekborde aangebring word. Gaan loer daar waar jy skryf.

2. ALGEMENE OUERVERGADERING (BEGROTING)

Hiermee geskied kennis van die Jaarlikse Algemene Ouervergadering rakende die begroting:

Die jaarlikse ouerbegrotingsvergadering vind op **Donderdag, 5 November, om 18:00** in die Flambojantsaal plaas. Hierdie is 'n belangrike vergadering aangesien die begroting vir 2021 dan deur die ouers goedgekeur sal word. U word dus ernstig versoek om die vergadering by te woon. Indien daar nie 'n kworum ouers teenwoordig is nie, sal 'n opvolgvergadering op Donderdag, 19 November om 18:00 in die skoolsaal plaasvind. Ouers is welkom om die begrotingsdokument vanaf 15 Oktober 2020 by die ontvangskantoor te kom besigtig. Die ontvangskantore is op Maandae tot Donderdae vanaf 7:00 tot 14:30 en op Vrydae vanaf 07:00 tot 14:30 oop.

3. GELUKWENSING

Baie geluk aan die Senior Dogters Tennisspan. Hul het in kwartaal 1 aan die liga deelgeneem en is as wenners in die liga aangewys.
Baie geluk ook aan Leoné du Bruyn wat Tennis Suid-Afrika as deel van die Gauteng Noord-span verteenwoordig het in die provinsiale wedstryd teen Gauteng Sentraal.

4. GIMNASIUM-TOERUSTING

Graag wil ons u nader vir enige skenkings soos trapmeule, oefenfietse, algemene toerusting en gewigte om ons gimnasium vir alle Wonnies nog beter te maak. Indien u enige navrae of skenkings het, kan u gerus 'n e-pos stuur na mnr. Janse van Rensburg by rugby@wonnies.co.za of mnr. Schmahl by carl@wonnies.co.za. Baie dankie dat ons ook in die verband u ondersteuning kan vra.

5. GRAAD 12-RAPPORT

Die Graad 12-leerders gaan op Maandag, 19 Oktober, tydens hul LOR-eksamen 'n kwartaal 3 rapport ontvang. Hierdie is 'n goeie aanduiding van die prestasie van hierdie leerders tydens die eksamen. Bespreek asseblief die rapport met u kind ten einde sinvol voor te berei vir die eindeksamen.

6. PUNTE VERANDERING

Weens Covid-19 het die puntesamestelling in verskeie vakke verander. Sekere take het totaal en al weggeval of is met ander take vervang, terwyl die eindeksamen/eindtoetse se gewig in verhouding tot die ander formele assesserings ook verander het. Leerders se punte soos dit aanvanklik op D6 aangetoon was, sal dus verander.

Wonnie-groete

M LEZAR
SKOOLHOOF